NG KERK HARTENBOS

DIACONIA (Diensgroep vir barmhartigheid)

SKYN JESUS SE LIG

Nie-winsgewende Aksie

Ek wil graag 'n barmhartigheid gewer wees. Hoe funksioneer dit?

Vrywillige gewers uit letterlik *enige* beroepsveld of dienstesektor registreer by die NG Kerk Hartenbos Diaconia om sy/haar gespesialiseerde dienste, gawes, talente en/of produkte aan te bied.

Mediese hulp kan byvoorbeeld aangebied word deur huisartse, ginekoloë, uroloë, tandartse, oogspesialiste, oogkundiges, fisioterapeute, psigiaters, narkotiseurs, patoloë, radioloë, dermatoloë en aptekers. **ANDER WELKOME HULP** kan kom van beraders, prokureurs, haarkappers, naaldwerkers, administratiewe kenners, motor werktuigkundiges, paneelkloppers, veeartse, nutsmanne, grafiese ontwerpers, tutors en onderwysers. Individue of organisasies kan bv voedsel of toerusting skenk. Die verskeidenheid van soorte hulp is onbeperk.

Die gewers gee dus wat hulle reeds het, daar waar hulle is.

1. Die gewers bepaal self die terme en voorwaardes van wat hulle bereid is om te gee, **hoeveel tyd** hulle wil afstaan en **wanneer** of **hoe gereeld** hulle dit wil doen. 'n Gewer kan enigiets van net een tot heelwat meer afsprake per week, per maand of per jaar aanbied.

2. Die diens of konsultasie mag dalk gratis wees, maar waar verbruikersgoedere betrokke is, kan dit geborg of goedkoper voorsien word (bv as 'n voertuig se parte vervang moet word). As dit nie anders kan nie, moet die ontvanger self daarvoor betaal, 'n borg kry of 'n reëling vir afbetaling maak.

NG Kerk Hartenbos Diaconia maak seker dat die mense vir wie afsprake gemaak word, **ware nood** ervaar. Daar is talle **huise van veiligheid, persone in die voltydse bediending soos sending** en mense met 'n uiters karige inkomste wat kan kom aanklop vir hulp. Ons werk ook nou saam met ander geregistreerde liefdadigheidsorganisasies.

NG Kerk Hartenbos Diaconia **maak die afspraak tussen die gewer en die ontvanger van hulp.** Die ontvanger mag GEEN afsprake self maak nie. Sodoende word die gewers beskerm teen uitbuiting van hul goedhartigheid. NG Kerk Hartenbos Diaconia reik dan 'n **koepon of bewys** uit vir die spesifieke diens wat gelewer gaan word. Ons verskaf dus die platform om 'n verbinding te skep tussen die persoon in nood en die goedhartige gewer.

Vir enige verder inligting, besoek gerus ons webblad by: ngkhartenbos.co.za of kontak ons kantoor by 044 695 1942.

NG KERK HARTENBOS

DIACONIA (Diensgroep vir barmhartigheid)

Datum ----------

EK KAN/WIL GRAAG GEE!

Naam en van: _____

Selfoonnommer: _____

Kantoor/Praktyknommer: _____

E-pos: _____

Beskrywing van produk/diens, terme en voorwaardes indien van toepassing:

_____

_____

Indien daar binne 3 (drie) maande geen behoefte om my produk te gebruik ontstaan nie, mag dit verkoop word en fondse ten bate van NG Kerk Hartenbos Diaconia (diens van barmhartigheid) aangewend word **JA/NEE**

_____

HANDTEKENING

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Hartenbos
ABSA
Tjekrekening: 2070580015
Takkode: 632005
Verwysing: DIACONIA

KONTAKPERSONE:

DES SAMPSON 082 651 2006
INA BREDENKAMP 079 491 1164

N G KERK HARTENBOS

DIACONIA (Diensgroep vir Barmhartigheid)

SKYN JESUS SE LIG

Ons strewe om die gemeenskap te dien:

- Skepping en instandhouding van 'n netwerk om die verskaffing van dienste en produkte te fasiliteer
- Vestiging van 'n gemeenskapswinkel – Kosi Baia
- Skepping van 'n vaardigheidsopleiding-sentrum
- Entrepreneurskapsontwikkeling
- Donateursfonds

Wie kan deelneem en/of gee?

- Enige persoon wat 'n verskil in sy of haar gemeenskap wil maak
- Besighede speel 'n belangrike rol in die skepping, instandhouding en uitbouing van bovermelde platforms in die gemeenskap

Hoe kan jy 'n verskil maak?

- Deur jou dienste en/of produkte op jou eie voorwaardes aan te bied
- Gee waarvan jy in oorvloed het, of nie meer benodig nie
- Deel jou vaardighede en ervaring met mense wat gretig is om te leer
- Investeer in die donateursfonds om broodnodige inisiatiewe in die gemeenskap te skep en te onderhou
- Word 'n vrywilliger deur of 'n donateur te verteenwoordig of om die verkryging van dienste of produkte te fasiliteer.

Watter tipe dienste word gefasiliteer?

Medies: Algemene praktisyns, Oogartse, Tandartse, Fisioterapeute
Meganies en Elektriese werk
Skoonheidsterapie: Haarkappery
Vervoer
Regshulp
Rekenaarkundigheid
Spyseniering
Loodgieters werk
En vele meer—Afhangende van die tipe diens wat u graag wil verskaf.

Kontak asb. die kerkkantoor of die volgende persone:
Ina Bredenkamp (079 491 1164) *(Voorsitster Diaconia)*
Des Sampson (082 651 2006)

NG Kerk Hartenbos

Diaconia

(Diensgroep vir Barmhartigheid)

Skyn Jesus se lig

"As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God
moet elkeen namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien."
1 Petrus 4:10

Is jy lus om 'n verskil te maak in ander se lewens? Het jy vrye tyd wat jy bereid is om te gebruik om jou gawes en jou ervaring wat jy deur die jare opgedoen het, met ander te deel?

Kom meld dan aan by die ***Diaconia Diensgroep*** as 'n vrywilliger. Maak nie saak wat jou vorige werks- of lewenservaring is nie, solank jy 'n passie het om ander te help, is jy baie welkom.

Ons soek gewers wat dienste, produkte of kontant **op hulle voorwaardes** wil aanwend om behoeftige mense in die gemeente en die gemeenskap te help. Vrywilligers kan ons help om hierdie gewers te identifiseer en deel van ons nuwe werkswyse te maak

Vrywilliger Aansoek:

Ek wil help...

Persoonlike inligting:

Naam en van: _____

Kontaknommer: _____

E-Pos: _____

_____ _____ _____

Handtekening: Datum: Diaconia Verteenwoordiger:

Handig asb. die voltooide vorm in by die kerkkantoor of plaas in die posbus.